

Brief

1. Mammie, ek skryf ook vir Ma 'n kaalvoet gedig
2. sommer so, nes Antjie
3. maar ek gebruik soms leestekens
4. en ek sal nie vir Mamma "jy" sê nie
5. want dit hoort vir my
6. nes plastieklomme en wit skoene nie by Ma nie
7. Ek het grootgeword, weet Ma –
8. ek skrik soms vir myself
9. want my skoolbaadjie pas nie meer nie
10. my hare is lank
11. ek wil 'n oorring dra
12. ek bid byna nooit nie
13. en ek glo nie sommer net in God nie
14. ek dink, praat, skryf selfs oor die dood
15. – ek wonder of Ma van my verse sal hou –
16. Ek weet Ma sou wou hê ek moes klein bly –
17. en ek het nie
18. kon nie
19. 'skuus Mammie
20. maar ek is nog Ma se kind
21. grootmenskind
22. anderster kind

F.R. Abrahams

Stylfigure in gedigte

Stylfiguur	In die gedig	Verduideliking
Alleenplasing	Reël 18, 21 en 22.	Woorde of sinsnedes word alleen geplaas om dit te beklemtoon.
Alliterasie: (ook stafrym)	"s" reël 2, 3, 8, 21	Opeenhoping van konsonante of beginklanke.
Apostroof	Hy praat in die hele gedig met sy ma, bewyse: reël 1, 4, 6, 7, 15, 16, 19, 20.	Die tegniek om iemand in die gedig direk aan te spreek.
Elisie	Reël 19: 'skuus vir askies.	'n Letter van 'n woord word weggelaat.
Enjambement.	Die hele gedig.	Die een versreël loop oor na die volgende een sonder leestekens.
Herhaling / Repetisie	Die woord "ma" deur die hele gedig.	Woorde word herhaal om respek te wys.
Konnotasie / Figuurlik	Reël 1: Kaalvoet word gebruik vir eenvoudige.	Die figuurlike gebruik van die woord.
Antitese / Teenstelling / Kontras / Paradoks	Reël 21: grootmenskind.	Twee uiterstes word teenoor mekaar gestel.
Parentese	Reël 15	Om 'n versreël te onderbreek en iets in te sit. Inlassin.
Retoriese vraag	Reël 15	'n Sin wat eintlik 'n stelling is, word as 'n vraag geskryf.
Rymtipe	Oorheersend vryerym behalwe reëls 17, 18, 19 en 20, 21, 22 wat paarrym is.	Woorde rym nie, daar is nie 'n definitiewe rymskema nie.
Intertesktualiteit	Die hele gedig.	Die gedig sluit aan by die gedig "Ma" wat deur Antjie Krog geskryf is.

Vrae - Letterlik:

- 1.1. Vir wie skryf die digter die gedig?
- 1.2. Haal een woord aan in reël 1 wat sê dat die digter nie die enigste een is wat so 'n gedig geskryf het nie.
- 1.3. Haal een woord aan wat sê dit 'n eenvoudige gedig is.
- 1.4. Haal een woord aan wat sê dat hy, soos Antjie, die tipe gedig geskryf het.
- 1.5. Haal een woord aan wat sê dat die digter nie altyd leestekens gebruik nie.
- 1.6. Wat pas nie by sy ma nie? Noem al DRIE dinge.
- 1.7. TWEE van die volgende antwoorde is korrek. Skryf net die NOMMER en die LETTERS van die sinsnedes wat die stellings korrek voltooi neer.
Plastieklomme en wit skoene pas nie by sy ma nie omdat...
- a. plastieklomme vals is en sy ma is nie.
 - b. plastieklomme hoëklas is en sy ma is nie.
 - c. wit skoene te gou vuil word.
 - d. wit skoene te pretensieus/aanstellerig is.
- 1.8. Haal een woord aan in reël 7 wat sê dat die digter nie meer 'n kind is nie?
- 1.9. Haal die gedeelte van 'n versreël aan wat sê dat hy nie meer sy skoolbaadjie kan dra nie.
- 1.10. Hoekom sal hy vir homself skrik omdat sy skoolbaadjie nie meer pas nie?
- 1.11. Haal een woord aan wat sê dat hy net partykeer vir homself skrik.
- 1.12. Haal 'n versreël aan wat sê dat hy nie kort hare het nie.
- 1.13. Haal een woord aan wat sê dat hy nog nie 'n ooring dra nie.
- 1.14. Haal twee opeenvolgende woorde aan wat sê dat hy amper glad nie meer bid nie.
- 1.15. Haal twee opeenvolgende woorde aan wat sê dat hy eers bewyse wil hê voor hy aan God glo.
- 1.16. Verduidelik versreël 13 in jou eie woorde.
- 1.17. Haal drie werkwoorde aan wat sê wat hy doen met betrekking tot dood.
- 1.18. Haal een woord aan wat sê dat hy nie seker is of sy ma van sy verse sal hou nie.
- 1.19. Haal drie opeenvolgende woorde aan wat sê dat hy weet sy ma sou verkies het dat hy nie groot geword het nie.
- 1.20. Haal twee opeenvolgende woord aan wat sê dat hy nie 'n keuse gehad het anders as om 'n volwassene te word nie.
- 1.21. Haal een woord aan wat sê dat hy nie meer die kind is wat hy was toe hy klein was nie.
- 1.22. Pas die versreël in Kolom A by die stylfiguur in Kolom B. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Kolom A		Kolom B	
1.22.1.	grootmenskind	A	Assonansie
1.22.2.	– ek wonder of Ma van my verse sal hou –	B	Litotes
1.22.3.	sommer so, nes Antjie	C	Apostroof
1.22.4.	Mammie, ek skryf ook vir Ma 'n kaalvoet gedig	D	Kontras
		E	Parentese
		F	Alliterasie

- 1.23.1 Noem die stylfiguur waar een versreël oorloop in die ander sonder leestekens.
- 1.23.2 Gee 'n voorbeeld hiervan. Skryf die versreëls neer.

- 1.24 Watter rymptipe kom prominent in die gedig voor?
- 1.25 Hoekom word die woord "ma" deur die gedig herhaal?
- 1.26 Wat is die funksie van die koppeltekens aan die einde van reëls 7 en 16?
- 1.27 Wat is die funksie van die spasies / ruimtes in versreëls 18, 21 en 22?
- 1.28 Dit is elke ma se wens dat haar kinders moet grootword. Hoekom dink jy vra die digter om verskoning van sy ma dat hy grootgeword het?
- 1.29 EEN van die volgende antwoorde is korrek. Skryf net die NOMMER en die LETTERS van die korrekte antwoord neer. Wat is die tema van die gedig?
- Die digter het met sy grootword dinge gedoen waaroor hy glad nie spyt is nie en hy gee nie om of dit sy ma se goedkeuring weggedra het of nie en hy het sommer maar net die gedig geskryf.
 - Die digter het met sy grootword dinge gedoen waaroor hy spyt is en hy weet sy ma haat hom en hy konfronteer haar hieroor in die gedig.
 - Die digter het met sy grootword dinge gedoen wat hy weet nie sy ma se goedkeuring weggedra het nie en hy probeer met die gedig sy ma oorreed om te verstaan.
 - Die digter het met sy grootword dinge gedoen wat hy weet sy ma se goedkeuring weggedra het en probeer dit aan sy ma in die gedig verduidelik.

MEMO

Vrae - Letterlik:

- 1.1. Vir sy ma / mammie.
- 1.2. ook.
- 1.3. kaalvoet.
- 1.4. nes.
- 1.5. soms
- 1.6. "jy", plastieklomme, wit skoene.
- 1.7. A OF plastieklomme vals is en sy ma is nie en D OF wit skoene te pretensieus/aanstellerig is.
- 1.8. grootgeword.
- 1.9. pas nie meer nie
- 1.10. Dit voel vir hom of hy so skielik, te vinnig grootgeword het.
- 1.11. soms.
- 1.12. my hare is lank.
- 1.13. wil.
- 1.14. byna nooit.
- 1.15. sommer net
- 1.16. Hy is nie meer so naief soos toe hy klein as nie. Hy wil bewyse hê voordat hy aan iets glo.
- 1.17. dink, praat, skryf
- 1.18. wonder
- 1.19. moes klein bly
- 1.20. kon nie
- 1.21. anderster
- 1.22.
 - 1.22.1. D
 - 1.22.2. E
 - 1.22.3. F
 - 1.22.4. B
- 1.23.1 Enjambement.
- 1.23.2 Enige versreël wat oorloop in die ander sonder leestekens, byv. reël 1 in 2, ens.
- 1.24 Vryerym.
- 1.25 Die skrywer respekteer sy ma / Hy betoon respek.
- 1.26 Die skrywer wil hê die leser moet 'n oomblik talm, bietjie nadink.
- 1.27 Dit dui tydsverloop aan.
- 1.28 Hy is nie meer die klein kindjie wat alles doen wat sy ma vir hom sê nie. Hy is nou 'n volwassene wat sy eie besluite maak, soms teenstrydig met dit wat sy ma se wense is.
- 1.29 C OF Die digter het met sy grootword dinge gedoen wat hy weet nie sy ma se goedkeuring weggedra het nie en hy probeer met die gedig sy ma oorreed om te verstaan